EKO LANDGOED
ECO ESTATE

Huiseienaarsvereniging
Home Owners' Association

For a better lifestyle...
Vir 'n beter lewenstyl...

Junie/June
2018

NUUSBRIEF
NEWSLETTER

1 Nuwe Bestuurskomitee
New Management Committee

2 Logo by hek
Logo at gate

2 Makliker hektoegang
Easier gate access

2 Administratiewe hulp
Admin assistance

3 Inligting vir intrekkers
Information for new residents

3 Verhuurders
Landlords

3 Aanbouings
Building additions

4 Etes op jou drumpel
Meals on your doorstep

5 Restaurant-spyskaart Junie
Restaurant menu June

6 Vermy sonde met die bure
Love thy neighbour

6 *Noise*
Geraas

7 Ons omgewing
Our environment

7 Inheemse bome
Indigenous trees

7 Terugvoer oor Internet
Feedback on Internet

Nuwe Bestuurskomitee 2018/19

Op die Algemene Jaarvergadering wat op 5 Mei 2018 gehou is, is 'n nuwe Bestuurskomitee verkies. Hulle is:

New Management Committee 2018/19

At the Annual General Meeting, held on 5 May 2018, a new Management Committee was elected. The members are:

Ferris Ferreira
(Voorsitter & Finansies) (*Chairperson & Finances*)
Gerhard Henning
(Onder-voorsitter, Sekuriteit, Buite-instansies, Argitektoniese Sake, Grondwet & Reëls) (Vice chair, Security, External Institutions, Architectural matters, Constitution & Rules)
Johann Gebhardt
(Instandhouding & De Caravel) (*Maintenance & De Caravel)*
Petro Pretorius
(Personeel, Kommunikasie & Administrasie) *(Staff, Communication & Administration)*
Elsabé Venter (Tuine, Restaurant & Klub) *(Gardens, Restaurant & Club)*
Marius Swart (Verteenwoordiger, Monte Christo Aftreeoord) (*Representative,*

Ons bedank hierdie vrywilligers en die subkomitees wat hulle bystaan vir hul bereidwilligheid om Monte Christo se sake te hanteer en wens hulle alles van die beste toe vir hul dienstyd.

We thank these volunteers and their supporting subcommittees for their willingness to handle the running of Monte Christo and wish them well for their term of service.

Agter/Back:
Gerhard Henning, Marius Swart, Ferris Ferreira, Johan van der Walt (*ex officio*)
Voor/Front:
Elsabe Venter, Petro Pretorius
Afwesig/Absent: Johann Gebhardt

Trots op

Dankie aan Johan van der Walt, ons Landgoed-bestuurder, vir die plasing van ons logo weerskante van die ingangshek.

Proudly

Thank you to our Estate Manager, Mr. Johan van der Walt, for affixing our logo to both sides of the entrance gate.

Hektoegang vir inwoners nou makliker

Daar is sekere verstellings aan die toegangstelsel by die hek aangebring en sommige van die vingerafdrukke wat herskandeer is, werk nou beter.

Die beloofde kaartstelsel is geïmplementeer en 'n groep inwoners wat met vinger-afdrukke sukkel, gebruik reeds dié toegangskaarte.

'n Span van G4S sal ons binnekort besoek om die vordering te monitor.

Easier gate access for residents

Some changes have been made to the access system at the entrance gate and some of the rescanned fingerprints have improved.

The promised access card system has been implemented and a group of residents, who have problems with fingerprint reading, is already using these.

A G4S team will soon visit to monitor our progress.

Administrasie-hulp

Van die 1ste Junie af het Monte Christo vir die eerste keer 'n Administratiewe Beampte. Mev Liesa Corby (074 347 8955) se kantoor sal in die portaal van die Klubgebou wees, hoewel sy vir die eerste twee weke ook elders sal besig wees. U kan haar vanaf 08:00 tot 16:30 (uitgesluit 1-2nm) in verband met administratiewe sake soos korrespondensie, bouversoeke, klagtes, sekuriteitsregistrasie, interkom en paniek-beheerstelsels raadpleeg.

Sy is nié na-ure beskikbaar nie.

Admin assistance

As from 1st June, Monte Christo will have the services of an Administrative Officer. Mrs Liesa Corby (074 347 8955) will have *her office in the lobby of the Clubhouse, although she will be deployed elsewhere as well during the first two weeks. You may consult her from 08:00 to 16:30 (excluding 1-2pm) on administrative matters such as correspondence, building requests, complaints, security registration, intercom and panic control systems.*

She will not be available after hours.

ONS ROEP ALLE
VERHUURDERS

Indien u 'n eiendom in Monte Christo het wat u verhuur, maak asseblief seker dat u huurders van die Gedragsreëls bewus is.

Indien huurders wissel, stel asb dadelik die Landgoedbestuurder in kennis en voorsien die kontakbesonderhede van die nuwe huurders. Indien u versuim, het dit ernstige gevolge vir ons toegangsbeheer.

CALLING ALL
LANDLORDS

If you have tenants in your Monte Christo property, please ensure that they are aware of the Rules of Conduct.

When tenants change, please notify the state Manager immediately, and supply the contact details of the new tenants. If you don't, it has serious consequences for our access control.

Beplan u aanbouings of veranderings aan u huis?

Argitektoniese sake in die Landgoed word deur 'n subkomitee van die Bestuur behartig.

Indien a enige veranderings, verbeterings of aanbouings op u perseel beplan, moet u dié planne eers aan die Estetiese Komitee voorlê - vóórdat u begin bou of breek.

Kontak die Landgoedbestuurder in hierdie verband.

Are you planning changes or additions to your house?

Architectural matters on the Estate is handled by one of the subcommittees of the Management.

When planning any additions or changes to your house, relevant plans must be approved by the Aesthetical Committee before work commences.

Contact the Estate Manager in this regard.

INLIGTING
vir nuwe intrekkers

U is baie welkom in Monte Christo!

Vullisverwydering
Dit word Maandae gedoen. Sit asb u sakke buite op die sypaadjie **voor 07:00**. Swart sakke en blou sakke vir herwinbare vullis word gereeld voorsien. U moet u **tuinvullis** self in die houers by die stoor gaan gooi.

Pos
Daar is posbusse by die ingangshek beskikbaar. Doen by die Landgoedbestuurder aansoek.

INFORMATION
for new residents

We welcome you in Monte Christo!

Rubbish removal
This happens on Mondays. Please put out your bags on the pavement **before 07:00**. Black bags and blue recycle bags are provided regularly. You have to dump your **garden refuse** yourself the skips adjacent to the store.

Mail
Postboxes are available at the entrance gate. Apply at the Estate manager.

Etes op jou drumpel

Sedert die begin van Mei is daar ‘n spysenier wat van Maandag tot Vrydag, en ook Sondae, middagetes by die Klubhuis voorsien. Alle etes word kontant betaal, maar kredietkaart-fasiliteite sal moontlik in die toekoms beskikbaar wees.

U kry maandeliks die spyskaart per e-pos (Junie s’n dié keer op bladsy 5), en indien u lus voel vir ‘n spesifieke maaltyd, bespreek u die vorige dag voor 12:00 by Julia van der Merwe (074 580 0891). Etes vir Maandae moet reeds Vrydae bespreek word. Etes in die week kos R60.

Indien u op ‘n Sondagmiddag wil aansit, kos die ete R85. Bespreek verkieslik Vrydag, of op die laatste Saterdag voor 12:00.

Wegneemetes kan ook bestel word – bespreek u spyskaart-opsies met Julia en bring u eie houers.

Op Woensdae (op die oomblik nog) van 9-12 word tee of koffie en koek teen R35 by die Klub bedien – kaaskoek uit ‘n ander wêreld en mondwater- wortelkoek!

Julia kan ook bedags of saans by die Klub vir enige privaatfunksies spyseniering doen – selfs vir kinderpartytjies! Die enigste beperking is die grootte van die groep en die tipe organisasie wat aansoek doen: Geen politieke of godsdienstige groepe word toegelaat nie. Bespreek u behoeftes met Julia.

Meals on your doorstep

Since the beginning of May a caterer provides lunches at the Clubhouse on Mondays to Fridays, and on Sundays. All meals are paid by cash, but credit card facilities might be available in future.

You will receive the menu by email each month (this time, the Afrikaans menu is included on page 5), and when you want to lunch on a certain day, please book by calling Julia van der Merwe on 074 580 0891. *Bookings for Monday meals have to be done on the previous Friday. Weekday meals cost R60.*

If you would like a Sunday lunch @ R85, you must book on Friday, or not later than 12:0 on Saturday.

Take-away meals are available on order – discuss your menu options with Julia and bring your own containers.

On Wednesdays from 9-12 (for the present, at least), tea or coffee and cake is served at the Club – cheese cake out of this world and carrot cake to die for!

Julia also caters for daytime or evening private functions at the Club. She even does children’s’ parties! The only restriction is the size of the group and the type of organisation applying.: No political or religious groups are allowed. Discuss your needs with Julia.



Die Klub is op die bult, in Cape Gannet-straat naby die Aftree-Oord. Kom ons maak dit ‘n lekker kuierplek.

The Club is situated in Cape Gannet Street, uphill, close to the Retirement Village. Let’s make it a place where friends meet.

SPYSKAART VIR JUNIE 2018

MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDEERDAG	VRYDAG	SONDAG
				1 Junie	3 Junie
				Herderspastei, groenbone, botterskorsie, melktert	Oondgebraaide hoender, bobotie, geelrys, growwe kapokaartappel met knoffel, pampoen, *tiramisu*, koffie
4 Junie	5 Junie	6 Junie	7 Junie	8 Junie	10 Junie
Bief *Stroganoff*, pasta, wortels, Griekse slaai, koffie	Ertjiesop, Varkblad (*Boston Butt*), gebraaide aartappels, groenbone, koolslaai	Geroosterde vis, skyfies, ertjies, Griekse slaai, sagopoeding	Breyani, pampoen-koekies met karamel-sous, brokkoli- en kaasslaai, koffie	Groentesop, bief-lasagne, groenslaai, aartappelslaai	Ontbeende varknek, *kofta* frikkadelle, kapokaartappels, geroosterde groente, slaai, sjokolade-*mousse* en vrugte, koffie
11 Junie	12 Junie	13 Junie	14 Junie	15 Junie	**17 Junie Vadersdag**
Hoender-*schnitzel*, pampoen, rys, groenbone, kaas en beskuitjies	Spinasiesop, lewerkoekies, kapokaartappels, geroosterde groente	Beespotjie, rys, slaai, malva- en vlapoeding	Frikkadelle in tamatiesous, growwe kapokaartappel met knoffel, patat, groenbone met feta, koffie	Sampioensop, *calamari* en skyfies, groenslaai	*Calamari*-voorgereg, skaapboud, Bief *Stroganoff,* pampoenkoekies met karamelsous, groenbone, rys, slaai, malva- en vlapoeding, koffie
18 Junie	19 Junie	20 Junie	21 Junie	22 Junie	24 Junie
Hoenderrepies, gegeurde rys, geroosterde groente, slaai, koffie	Tamatiesop, gebotterde hoender, kapokaartappel, wortels, tamatie en uie, slaai	Geroosterde vis, gebraaide aartappels, roomspinasie, slaai, koffie	Spaghetti *Bolognaise*, Griekse slaai, aartappelslaai, roomys en vrugteslaai	Aartappelsop, ontbeende varknek, lemoen-geglasuurde wortels, groenbone, rys	Hoenderpastei, lamskerrie, rys, sambals, karamelpatat, geroomde spinasie, *crème brûlée,* koffie
25 Junie	26 Junie	27 Junie	28 Junie	29 Junie	**DIABETES: JA/NEE**
Ribbetjies, skyfies, geroosterde groente, slaai, koffie	Groenboontjie-bredie, wortels, beet- en pynappel-slaai, appeltert en room	Frikkadelle met sous, rys, pampoen, blomkool met kaassous, kaas en beskuitjies	Biltongsop, hoenderpastei, rys, murgpampoentjies, wortels, slaai	Geroosterde vis, skyfies, roerbraai-groente, malva- en vla-poeding	**U moet vir ALLE bespreekte etes betaal, al neem u dit nie. Geen kansellasie ná 11:00.**

Vermy Sonde met die Bure

Love thy Neighbour

Sodra 'n klomp mense naby mekaar saam woon, moet daar – ter wille van orde en goeie buurskap, sekere reëls geld.

As soon as people live together in close proximity, rules must be made to maintain order and ensure good relationships.

U is almal van Monte Christo se Gedragsreëls bewus, dus herinner ons u net (visueel) aan 'n paar knelpunte:

All of you are aware of the Monte Christo Rules of Conduct, but allow us to (visually) remind you of a few issues:



Opsigtelik?
Onooglik?
Op algemene grond?
Kyk na Reël 11.

Visible? Unsightly?
On common land?
See Rule 11.

Jou bure (en andere) is nie noodwendig gaande oor jou vlossige kietsie-kat nie. Katte moét gesteriliseer wees – voorsien die Bestuurder binne 60 dae van dié sertifikaat. En hou asb u kat(te) onder beheer. Kyk na Reël 16.

One man's fluffy friend could be another man's nuisance. Cats must be spayed – provide the Manager with the relevant certificate within 60 days. And please - keep your cat(s) under control. See Rule 16.

Ook in Reël 16:

Honde moet aan 'n leiband wees op algemene grond. En tel asseblief op waar hulle mors – ons sypaadjies is nié 'n openbare hondetoilet nie! (Jý is dalk die volgende een wat daarin trap!)

Also, in Rule 16:

Dogs must be on a leash when on common ground. And please pick up their poo – our sidewalks are not public dog toilets! (You might just be the next one to step into it!)



noise

Origin: From Latin **nausia**, **nausea** (disgust, nausea); OR from Latin **noxia** (hurt, harm, damage, injury); Old French **noise (**a dispute, wrangle, strife).

That says it all. With houses being as close together as they are in Monte Christo, please be considerate of your neighbours when playing music or entertaining. Please keep the noise levels down, so that it cannot be heard in your neighbour's house. This also goes for your guests (and your dogs). Thanks!

Die huise in Monte Christo is meestal naby mekaar. Wees asseblief bedagsaam teenoor u bure wanneer u musiek speel of gaste onthaal. Hou die geraasvlakke laag, sodat u bure dit nie in hulle huis hoor nie. Dit geld ook vir u gaste (én u honde). Dankie!

ONS OMGEWING

Die wandelpad asook areas binne in die landgoed wat tydens die lê van die optiese vesel na die Aftree-Oord beskadig is, geniet steeds aandag. Ons behoort binnekort terugvoering vanaf die betrokke partye te ontvang.

OUR ENVIRONMENT

The walking trail as well as some areas inside the estate have been damaged during the installation of optic fiber to the Retirement Village. This matter is receiving attention and feedback from the relevant parties is expected soon.

Het julle gesien hoeveel eende daar tans op die dammetjie rondswem? Die afgelope somer se kleintjies is nou mooi groot!

Have you noticed the increased number of ducks on the pond? The ducklings of the past have grown up now!

Bome maak egter 'n groot verskil. Plant asseblief een of meer inheemse bome – of skenk dit aan die Tuine-subkomitee om op die Landgoed aan te wend.

U kan ook later in die jaar tydens Boomplantdag betrokke raak deur self 'n boom iewers op die Landgoed te kom plant. Meer besonderhede daaroor later.

Please plant one or more indigenous trees – or donate some to the Gardens subcommittee to plant on the Estate.

You can also become involved later this year by planting a tree somewhere on the Estate during Tree Planting Day. More information about this to follow.

TERUVOER OOR INTERNET-VOORSIENING

Monte Christo se Bestuur is steeds besig met onderhandelings om vir ons inwoners vinniger internettoegang te kry.

Ons, Hartenbos, is tans nie op Telkom se beplanning om optiese vesel te kry nie. Ons kom waarskynlik eers in 2019 aan die beurt.

Telkom wil egter nie toelaat dat ander diensverskaffers sy kabelhulse vir die installasie van optiese vesel gebruik nie. Ons kan dus nie by die Aftree-Oord se optiese vesel-installasie aansluiting kry nie.

Ons ondersoek dus nou of die maatskappy *Openserve*, wat normaalweg Telkom se installasies doen, ons in hierdie verband kan help.

FEEDBACK ON INTERNET ACCESS

The Monte Christo Management Committee is still negotiating faster internet access for our residents.

We, Hartenbos Area, are not scheduled for Telkom fibre optic internet at present. Our turn will probably only come in 2019.

However, Telkom will not allow other service providers to use the existing Telkom cable sleeves. This makes it impossible for us to link to the fibre optics of the Retirement Village

We are now checking whether Openserve, the company that usually does the Telkom installations, will be able to help us in this regard.